

30 Desember

Filippense 1:12-26

(Teks: 1:21) 'n Ewige wins

Die apostel Paulus was onder die indruk dat hy die Here, die God van Israel, in opregtheid gedien het toe hy die Christene vervolg en dood-gemaak het.

Toe hy op die pad na Damaskus was om nog groter skade aan te rig, het die ontnugtering gekom en die bekering wat meegebring het dat Paulus daarna sy hele lewe aan die verkondiging van die evangelie gewy het.

Nou is dit hy, Paulus, wat in ons teksvers sê: "Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins."

U het die afgelope jaar miskien by die graf van 'n geliefde of 'n goeie vriend gestaan. Sou u die dood van so 'n persoon ooit met wins kon vereenselwig? Absoluut nie! Daar is dan ook met u gesimpatiseer met die groot verlies wat u gely het

Ons weet mos dat die dood, die gang van die lewe erg kan versteur. Soms is dit 'n ontsaglike verlies in die huisgesin of in die volkslewe of in die kerklike lewe. En tog, die apostel noem die sterwe *n wins.

Maar Paulus was ook seker van sy ewige geluksaligheid en daarom sou hy by sy sterwe kon deurgaen na die ewige heerlikheid. En wat laat hy agter? Moeite, ellende, verdriet, swaarkry. In niil daarvoor kry hy die heerlikheid by die Vaderhuis met die baie woninge waar daar geen moeite, geen lyding en geen trane sal wees nie.

Wat 'n wins!

Sing Psalm 42:5

Ds. P.A. Smit (Emeritus)